

## BOODSKAP DEUR PETER POLLOCK

Sondag 10 September 2017

### GROEP NOTAS

- Welkom. Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuigenis van iets wat God gedoen het?
- Tydens watter aktiwiteit of gebeurtenis in jou verlede het jy al gevoel dat jy "werklik lewe"?
- Lees die volgende verse saam en bespreek die vrae:

Joh 10:10 - "n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

- Op watter manier 'steel en verwoes' die duiwel soms by jou?
- Wat dink jy bedoel Jesus wanneer Hy sê Hy wil ons "die lewe in oorvloed" gee?

Joh 14:6 - "Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."

Joh 1:4- "In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense."

- Wanneer jy kyk na die mense/vriende om jou – waarin vind hulle hul vreugde? Hoe vergelyk dit met wat Jesus sê?

1 Petrus 1:3 - "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood."

1 Johannes 5:12 – "Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie."

- Watter verskil het Jesus al in jou lewe gemaak?
- Ervaar jy soms terugslae? Hoe hanteer jy dit?

Joshua 24:15 "Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."

- Om werklik te lewe is 'n daaglikse keuse om naby aan Jesus te bly en Hom te volg. Dink aan een ding wat jy kan doen om te verseker dat daar 'n konstante stroom van 'lewe' in jou lewe is.

- 
- Bid vir mekaar.
  - Bid vir vriende en familie wat nog nie vir Jesus volg nie.